WANNEER JY ONDERBREEK WORD:

“Here, U is in hierdie oomblik. Wys my U hart.”

“Wees stil en weet: Ek is God.”
- Psalm 46:11

WANNEER JY HEELDAG OP EN AF RY:

“Help my om hierdie tyd met genade te vul, nie met verwyt nie.”

“Wees altyd nederig, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.”
- Efesiërs 4:2 46:11

WANNEER JY KOS AANDRA:

“Here, dis ‘n voorreg om my gesin te dien, help my om dit met ‘n sagte hart te doen.”

“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.”
- Kolossense 3:23

WANNEER JY KLERE VAN DIE VLOER AF OPTEL:

“Dankie vir elke liggaam wat U aan my toevertrou het.”

“Wie getrou is in die geringste ding, is ook getrou in die groot dinge...”
- Lukas 16:10

WANNEER JY KWAAD WORD:

“Here, laat my woorde sag wees, laat my in liefde dien.”

“’n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar ’n krenkende woord laat woede opkom.” - Spreuke 15:1

WANNEER IEMAND WEER ‘MAMMA!’ ROEP:

“In liefde het U kindertjies ontvang. Help my om dieselfde te doen.”

“Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van God.” - Markus 10:14

WANNEER JY VOEL OF JY JOUSELF VERLOOR:

“Onthou my, Here – selfs as ek van myself vergeet. U is die God wat my sien.”

“Here, U deursoek my en ken my. U ken my sit en my opstaan...” - Psalm 139:1-2

WANNEER JY ALLEEN BADKAMER TOE GLIP:

“Here, hier in die stilte, ontmoet my.”

“Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.” - Psalm 62:2

WANNEER JY NIE BY AL JOU WERK UITKOM NIE:

“Laat my onvoltooide take steeds tot U eer wees.”

“Vir alles is daar ’n vaste tyd, ’n tyd vir elke saak onder die hemel.” - Prediker 3:1

WANNEER JY 'N HUILENDE KIND TROOS:

“Mag my arms en ons huis ‘n veilige hawe wees vir seer harte.”

“My genade is vir jou genoeg, want My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” - 2 Korintiërs 12:9

WANNEER JY MOEG EN OORLAAI VOEL:

“Here, U is my krag wanneer ek niks oor het nie.”

“Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie.” - Jesaja 40:29

WANNEER JY OOR ALLES SKULDIG VOEL:

“U genade is genoeg – vir my én vir vandag.”

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” - Matteus 11:28

WANNEER JY KYK HOE HULLE SLAAP:

“Dankie vir hierdie stille genade. Ek loof U vir my kinders.”

“Die Here sal julle seën en julle oppas. Die Here sal met deernis na julle kyk en baie goed vir julle wees. Die Here sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee.” - Numeri 6:24-26

WANNEER JY SUKKEL OM TE SLAAP:

“Here, laat my rus in U ritme.”

“In vrede gaan ek lê en dadelik slaap ek, want U, Here, laat my veilig woon.” - Psalm 4:9

WANNEER JY MOEDELOOS OPSTAAN:

“Met U genade wat my dra, staan ek op en probeer weer.”

“Hierdie is die dag wat die Here gemaak het; laat ons juig en bly wees daarin.” - Psalm 118:24

WANNEER JY IETS MOOI BELEEF, AL IS DIT KLEIN:

“Dankie Jesus. Ek sien U glimlag in hierdie oomblik.”

“Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo.” - Jakobus 1:17